UITGAWE 30/2011

4 September 2011

IEDERARK

Ds Willem Louw
(018) 294 8197
082 340 7549

Ds Okkie Cilliers
(018) 297 7926
083 262 6783

Ds Dorette Cilliers
(018) 297 7926
074 434 7093

Kerkkantoor
Tel (018) 294 8121
Faks (018) 294 3900
Webwerf http://www.ngkmiederpark.co.za
Epos kantoor@ngkmiederpark.co.za
Sendingkantoor sending@ngkmiederpark.co.za
Jeugkantoor jeug@ngkmiederpark.co.za

Wat gebeur DV die volgende week .....

Sondag Sendingweek	4 September	Erediens Sondagskool Gr 1-6 Tienderdiens Gr 7-11 Aanddiens	09:15 17:00 18:00
Maandag Sendingweek	5 September	Ringsitting Grimbeekpark	
Dinsdag Sendingweek	6 September		
Woensdag Sendingweek	7 September		
Donderdag	8 September	Vroue Bybelstudie	10:00
Vrydag	9 September	Sending Retreat	
Saterdag	10 September	Mannebiduur Sending Retreat	07:00

Inhoudsopgawe:

Sending Gebedsversoeke	2
Kruislig Koffiediens	3
Gebedsbediening	4
Glinster Grys	5
Jeugbediening	6
Gholfdag in Parys	7
Sending naweek	8

Sending Gebedsversoeke

HOSPITAAL SENDING
Chris en Petro

Bid asb vir:

✦ Die Gideons wat vandag die boodskap by die hospitaal bring; Personeel se persoonlike omstandighede en geestelike groei; Dat bekeerlinge hulleself sal toerus deur Bybelstudie en kursusse en dat hulle staande sal bly en geestelik sal groei; Dat nuwe bekeerlinge hul kennis sal toepas, oordra en uitleef; Dat die Heilige Gees ons as raadgewers sal help om die vrae te verstaan en te beantwoord.

Dank die Here:

Vir gemeentes en individue wat die hospitaalbediening finansieël, deur bemoediging en gebede ondersteun.

ANGOLA SENDING (Freddie)

Freddie en Lesley het op Maandag 29 Aug vertrek na Seronga. Dit was ook Lesley se verjaarsdag. Hulle gaan ook na Calai.

Freddie voel goed na die operasie.

Hulle sou ook hul permanente permitte waarvoor hul so lank gewag het Woensdag kry.

Ons dank die Heer vir Freddie se herstel asook hul permanente permitte. Bid asb dat hul reis orals voorspoedig sal wees.

MALAWIE SENDING (Pieter Loots)

Sê dankie

Dat dit so goed gaan in ons verhoudinge met mekaar. Genade van die Here.

Bid vir

- ✦ Siniya se dogtertjie wat amper elke maand longontsteking ontwikkel en dit lyk of dit geestelik kan wees.
- ✦ Debbie, verpleegster van Amerika wat tans in SA is . Dankie dat sy die dr kon sien.
- ✦ Lufani wat steeds so heen en weer beweeg.
- ✦ Steiners sendelinge, om veilig terug te kom.
- ✦ Die kinders wat weer skooltoe gaan na amper 2 maande se vakansie.
- ✦ Bid maar vir ons almal se gesondheid hier.
- ✦ My trokkie wat omtrent alles nou oorkom. Dit was net genade van die Here dat daar nie groot skade was nie.

JERRY

Bid asb vir :

Die tronkbediening. Dat hulle harte ontvanklik sal wees vir die Evangelie en bekering.

Voorbereiding en finansies vir uitreik vir September asook vir die regte mense om saam te gaan.

Ons Kruislig-koffiedienste is geseënd!

Verlede Sondagaand het die Kruislig-koffiediens gehandel oor lofprysing. Die aand het begin met heerlike lofprysing. Vrae wat bespreek is was bv. die invloed van musiek op die mens se emosies. Praktiese voorbeelde is bespreek. Wat dit veral interessant maak, is dat die verskillende soorte musiek en die uitwerking wat dit het, deur die "band" illustreer is. Elkeen het geleentheid gekry om sy gedagtes te deel! " Dit is awesome!" het een van die jongmense opgemerk nadat variasies van dieselfde lied gespeel is. Soos gewoonlik was die "band" puik.

Musiek en die rol van musiek in die Bybelse tyd en vandag, is bespreek (met Skrifverwysing) sowel as verwysing na voorbeelde van die tipe instrumente wat gebruik is. Dit het gou duidelik geword dat die kerklied hom dwarsdeur die eeue aangepas het en dat God nie omgee met watter tipe musiekinstrument Hy geloof en prys word nie. God waardeer die opregtheid waarmee ons Sy lof besing en Hom aanbid. Die orrel is ook eers vir wêreldse musiek gebruik soos alle ander instrumente en het eers in die tyd van Karel die Grote (768-814) 'n instrument geword wat vir kerkmusiek gebruik is. Ook die notering van musiek het in die tyd verbeter as gevolg van die solfége (tonic solfa) wat deur Guido van Arezzo (995-1050) ontwerp is.

God het ons geskep om Hom te eer en te aanbid. Dalene ZsChech skryf: *"The Lord enjoy the diversity of sincere worship when expressed through His Spirit and in truth"*

Die aand is afgesluit met aanbiddingsliedere wat ons tot in die troonkamer van God begelei het. Dit was 'n wonderlike ervaring! Dankie aan almal wat die heerlike eetgoed by elke koffiediens verskaf en ook die koffie bedien! Ons waardeer julle liefde. Dit is 'n fees om 'n kind van God te wees!

Vanaand se koffiediens (18:00) daag ons uit ***om met passie en toewyding ons opnuut as gestuurdes van God aan Hom te verbind!*** Bring jou pelle en kom geniet die aand!

Gebedsbediening

Psalm 34:2

Sy lof sal altyd op my lippe wees

Gebedsgeleenthede:

Dag van Gebed

12 September

Gebedsketting:

Vir enige gebedsversoeke stuur ‘n kort sms na 082 460 5272.

Moet asseblief nie die nommer skakel of ‘reply’ na die sms’e nie, as u ‘n gebedsversoek via die sms gebedsketting ontvang, moet u asseblief nie op die sms nr terug reageer om meer inligting te soek oor die spesifieke saak nie. Hierdie nommer word slegs gebruik om die versoeke te hanteer.

Gebedsversoeke:

Bettie du Plessis

Henry Jacobs en familie

Pattie Beukes

Mariëtte Stahmer

Ds Dorette

Gemeentebestuur

Paula Pretorius

Rina Brooks

Samantha Dippenaar

Susan Pienaar

Boere geraak deur veldbrande

By die sydeur en in die ingansportaal is ’n houtkassie gemerk ”**Gebedsversoeke”** As jy wil hê ons moet saam met jou bid oor ’n saak of dat ons by jou huis saam met jou moet kom bid, gooi jou versoek in die houer en dit sal opgevolg word. Sit net ’n kontaknommer by asb!

Huisgodsdiens

Die huisgodsdiensrooster is ‘n program wat opgestel is wat dit vir ‘n gesin moontlik maak om een keer per week vir ‘n halfuur saam rondom die Bybel te sit. Die program word per e-pos uitgestuur – as jy nie e-pos fasiliteite het nie, is dit na die diens in die ingangsportaal op die toonbank beskikbaar. As jy deel wil wees, kontak ds Cilliers.

GLINSTER GRYS (Senior Burger Bediening)

HUIS ADULLAM

Huis Adullam ('n huis van versorging vir bejaardes wat nie mediese sorg benodig nie), het enkele plekke beskikbaar vanaf einde Augustus. Belangstellendes kan suster Christine van der Westhuizen skakel by 0828314840 of 0182932711

HALLELUJA BOEKE

Indien u Halleluja sangbundeltjies besit wat u nie meer gebruik nie, wil u dit nie asb skenk aan die Glinster Grys bediening nie? Daar is nog hier en daar van die selgroepe wat graag daaruit sing. Dit kan by die kerkkantoor of ds Dorette se pastorie (Boekenhoutlaan 15) afgegee word.

OMGEE-BEDIENING

Vir ons omgee-bediening wat poog om ruikertjies aan siek bejaardes te gee, benodig ons blokke nuwe oasis. U is ook nog steeds welkom om "odd" koppies, pierings of enige los breekware, selfs 'n teepot sonder deksel, aan ons te skenk. Dit word gebruik om die blommetjies in te rangskik en spaar ons so die geld waarmee ons houertjies sou moes koop.

VLYTIGE VINGERS

Ons benodig watteersel (batting), afval lappies, knope, klein ritssluitertjies, kant, krale en enige "bling" om handwerk artikels mee te versier. Indien u borduurrame (van enige grootte!) het wat u kan skenk, sal dit ook baie welkom wees.

VIERINGS!

Veels geluk aan die volgende senior burgers wat in hierdie week hulle geboortedag herdenk:

4 September:

Marie Harmse

5 September:

Daleen Fourie

6 September:

Ina Steenkamp

Mag die Here u in die nuwe lewensjaar omhein met Sy Barmhartigheid, kroon met Sy Vrede en seën met Sy intieme Teenwoordigheid.

Hospitaal opnames

Wanneer lidmate van die gemeente opgeneem word in Potch Medi Kliniek, moet hulle asseblief by opname duidelik meld dat hulle lidmate van die NG Kerk Miederpark is. Dit maak dit vir die leraars makliker om hulle tydens die weeklikse hospitaalbesoeke (Dinsdae en Donderdae) op te spoor.

JEUGBEDIENING



- Die kleuterkerk bedien 2 groepe: 3-4 jariges en 5-6 jariges. Elkeen van die groepe het 'n eie lokaal. Ouers wat kinders in dié ouderdomsgroep het- bring julle kinders!
- Die bediening vir die graad 1-6 is tydens die oggenddiens. 'n Kinderdiens word vir die kinders gehou en daarna word in die graadgroepe verdeel.
- Die bediening vir graad 7-11 begin 17h00 met 'n etediens in die saal. Daarna word in die groepe verdeel.

Hoop is om die melodie van die toekoms te hoor; geloof is om op die maat daarvan te dans.

- RUBEN ALVES

OEFENING VIR MENSE OOR 30

Begin deur op 'n gemaklike oppervlak te staan, met genoeg spasie weerskante van jou.

Hou 'n 2 kg aartappelsak in elke hand, strek arms uit kante toe en hou daar solank as jy kan.

Probeer 'n volle minuut bereik, en ontspan.

Jy sal vind dat jy hierdie elke dag 'n bietjie beter sal doen, en hierdie posisie net 'n bietjie langer sal hou.

Na 'n paar weke kan jy opskuif na 'n 5 kg aartappelsak.

Daarna kan jy 7 kg sakke probeer en uiteindelik probeer jy om 'n 10 kg aartappelsak in elke hand te hê en jou arms reguit te kan hou vir 'n volle minuut. (Ek is op hierdie vlak!)

Nadat jy gemaklik is op hierdie vlak, kan jy 'n aartappel in elke sak sit!

Gholf-dag in Parys vir goeie doel.....

TO WHOM IT MAY CONCERN:

Please allow this letter to introduce you to Reef Carneson for which we are seeking your support.

Reef Donald James Carneson was born on the 17th September 2008 to proud parents Lydia and Ryan. Reef was diagnosed with Acute lymphoblastic leukaemia (ALL) at just 5 months old.

He underwent Chemo therapy for 6 months but was unable to achieve remission and it was then suggested that a bone marrow transplant was necessary to save his life. An unrelated match was found in Germany and on the 8th Sept 2009, the transplant took place. Reef suffered many infections and side effects from the bone marrow transplant. He has been in remission for almost 3 years now. He has lots of problems that have arisen from his chemo treatment and the transplant. He is very behind on his mile stones and he does not talk, walk, eat (his fed through an N.G. tube), has very brittle bones, has graft versus host disease of his skin, cannot open his hands at all and his liver is taking strain from all the medications. He requires major rehabilitation to get him to be a normal 3 yr. old. He had grommets put into his ears and he is now home and I pray that he will now get better and stronger.

The problem we face here in South Africa is that No one knows how to treat graft versus host disease, as there have never been any children that have survived this long. Also the specialists taking care of Reef are spread far and wide; they do not confer with each other so one will add a medication and another will say no. We need an oncology hospital where all the specialists are under one roof who works as a team for the good of the child. This can be found at different hospitals across the USA. We have identified one in particular (Comar Childrens hospital of Chicago) who are willing to evaluate him for possible rehabilitation treatment.

Reef is almost 3 years old, weighs 9,2 kg and wears baby clothing aged 6 - 12 months. He is incredibly bright and understands EVERYTHING we say to him and has even learnt some sign language. Without the use of his hands and legs, there is very little he can do, mostly he watches D.V.D.'s. With the correct treatment, e.g. RE-HAB and possibly surgery, Reef could recover fully.

Should Reef be accepted to a hospital in the USA, Ryan and Lydia will have to give up their home and car; put all their furniture into storage and move to the USA for as long as it takes to get this incredibly brave little boy healed. It is so very sad that he has fought off cancer and now has to contend with the savage after effects of chemo and steroids.

He is not allowed near other children for fear of getting another infection and never leaves the house.

I would really appreciate it if you would consider giving me the opportunity to introduce Reef's story to the community of your church by means of a slideshow and pamphlet. It would also be highly appreciated if you could help us raise funds for this angel by having offerings for Reef on a Sunday.

I am having a Golf Day for Reef on 26 October 2011 at Vaal de Grace, Parys. I have a pamphlet with Reef's story and a booking form for this day which can be handed out together with your newsletter.

Should you wish to contact me, please feel free to do so!

Hope to hear from you soon...

Warmest regards,

Marcelle Olivier

072 618 2438

SENDINGNAWEEK
2-4 SEPTEMBER '11

"Jeug Challenge"
Vrydag 2 Sept - 19:00 met OM span en jeugband R10pp

"Survivor Challenge"
Saterdag 3 Sept - 14:30 Inskrywings sluit Maan 29 Aug R50pp

"Sondag Erediens"
Sondag 5 Sept - 09:15 Francois Joubert van OM
(Operasie Mobilisasie)
18:00 Interaktiewe Koffiediens met Sending op die hart!

Die plek om te wees!
Moet dit asb. nie mis misloop nie!